# DIE SWART LUIPERD



No 58
Monsters van die Bambiberge

MEIRING FOUCHE

**Soos gewoonlik is die Swart Luiperd, die Suid-- Afrikaner wat al 'n legende geword het in die oerwoud van Afrika, weer op reis in die boswêreld wat hy so liefhet.**


**Hy hoor 'n gerug van harige monsters wat moeilikheid veroorsaak in die woud, maar hy staan bra skepties daarteenoor totdat 'n byna histeriese Amerikaanse grootwildjagter daar aangestorm kom met die storie dat so'n monster sy dogter ontvoer het.**

**Die Swart Luiperd sny dadelik spoor en hy het ook nie ver gevorder voordat hy homself teen die nuwe geheim van die oerwoud vasloop nie.**

**Dan volg die een avontuur op die ander, totdat die Swart Luiperd eindelik. . .Nee, ons sal nie die geheim hier verklap nie! Lees maar die** Die Monsters van die Bambiberge **en u sal self sien wat gebeur het.**

**Stofomslag: Willie du Plooy**

6 000256 000063



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | ONTSTELLENDE BERIG | 3 |
| 2. | TWEE BESOEKERS | 12 |
| 3. | DIE VERMINKTE APE | 23 |
| 4. | VERWOESTING | 32 |
| 5. | OERMONSTER | 39 |
| 6. | DIE GEVEG | 47 |
| 7. | GESIG IN DIE NAG | 56 |
| 8. | DRAMA BY DIE VUURLIG | 65 |
| 9. | AGTERVOLGING | 77 |
| 10. | VREEMDE OPENBARING | 85 |


Hoofstuk 1

## ONTSTELLENDE BERIG

By 'n ruwe lessenaar in 'n groot rondawel naby die wesgrens van Kenia staan twee groot bruingebrande mans aandagtig na die voorblad van 'n nuusblad en kyk. Die een frons terwyl hy dit lees, met sy hande op die blad van die lessenaar gedruk.

Die ander een het 'n siniese uitdrukking op sy aantreklike gesig terwyl hy met sy een vuis op die blad van die lessenaar druk.

Die nuusberig waarin hulle so belangstel, het 'n opskrif wat in groot vet letters dwarsoor die bladsy gedruk is. Die berig self is nie besonder lank nie, maar dit is heel opspraakwekkend, selfs skokkend. 'n Prikkelende berig hierdie. Maar miskien nog prikkelender as nog die berig self, is 'n afbeelding wat daarmee gepaard gaan. 'n Netjiese afbeelding van 'n eienaardige en monsteragtige gestalte, klaarblyklik geteken deur 'n man wat sy werk verstaan, na aanleiding van gegewens wat baie sekuur moes gewees het.

Hier in die rondawel is dit baie stil en behalwe vir die diep asemhaling van die twee mans is hier geen verdere geluid nie. Af en toe, laat 'n parkiet in 'n groot groen kou 'n slag van hom hoor, maar dit is die enigste onderbreking van die diepe stilte wat hier heers.

Dit is 'n hele ruk dat die twee mans heeltemal woordeloos is, want hule lees daardie berig oor en oor. Dit lyk asof hulle nie genoeg kan kyk na daardie vreemde afbeelding wat genoeg is om enige mens se nekhare te laat orent staan nie.

Eindelik, kom die korterige, gesette man orent. Hy is geklee in 'n kakiehemp en kort broek en sy hare is lig, sy oë blou. Hy het 'n intelligente gesig en dit is duidelik dat hy 'n kind van die buitewêreld is.

Die groter man kom ook orent. Hy is heelwat langer en stewiger gebou en tog lenig. Sy donker hare is aan die lang kant maar hulle is netjies gekam en sy twee skouers is so breed dat dit oral bewondering afdwing.

Die oë van die korter man lyk bekommerd. Die oë van die lang kêrel vonkel bietjie spottend.

,,Wel, Thompson,'' sê die Swart Luiperd, die lang Suid-Afrikaner wat so lief is om deur oerwoud en vlakte te dwaal, bloot omdat hy die dierelewe so innig liefhet. ,,Wat dink jy van die besigheid?''

,,Hierdie ding ontstel my baie, Luiperdman,'' sê die blonde Charles Thompson, die swart kommissaris van die regering van Kenia in hierdie deel van die wêreld. ,,Om die waarheid te sê, weet ek nie mooi wat om te sê nie. Wat om te glo nie.''

,,Moet ek jou sê wat ék dink?'' sê die Swart Luiperd. ,,Ek dink dit is 'n klomp bog. Sommer weer 'n sensasiestorie van die koerante.''

,,Ja'k,'' sê Thompson en sak in sy draaistoel neer. ,,Sensasiewekkend is dit bepaald, want vandag om eenuur het hulle van hierdie berig melding gemaak in die nuusdiens van die Britse Uitsaaikorporasie. Net vir die grap het ek ingeskakel op die Zaire se diens. Hulle het dit ook genoem. Minstens een Amerikaanse stasie het dit ook uitgesaai. Jou eie Suid-Afrikaanse nuusdiens het dit ook ingesluit. Dus, sensasie is dit wel, en sensasie van die eerste water.''

,,Dit is ál wat dit is,'' sê die Luiperdman. ,,Moet tog nie vir my sê jy glo dit nie, Thompson?''

,,Soos ek gesê het ek weet nie wat om te sê nie en wat om te glo nie,'' sê Thompson. ,,Dink jy 'n koerant sal werklik so iets publiseer as daar nie 'n greintjie van waarheid in is nie? En as dit dan alles uit hul duim gesuig is, wat van hierdie afbeelding?''

,,Hulle kon dit net so wel uit hul duim gesuig het,'' antwoord die Luiperdman met 'n kort laggie. ,,Dit sal nie die eerste maal wees dat die koerante sensasie soos hierdie opdis sonder dat daar die minste grond voor bestaan nie.''

,,Maar man,'' sê Thompson, ,,waar sal hulle nou daaraan kom dat die inboorlinge 'n gorilla gesien het met die gesig van 'n mens, die bene en die hande van 'n mens en die res van sy lyf maar weer soos dié van 'n gorilla? Daar moet tog iewers 'n rede voor wees.''

,,My liewe vriend,'' sê die Swart Luiperd, ,,jy ken tog die inboorling. Hulle gaan altyd met 'n ding op hol. Hulle sien al om die ander dag 'n nuwe monster. Ek sweer hulle sal nog eendag kom sê dat hulle 'n vliegende seekoei gesien het of 'n olifant met 'n slurp van agter. Nee wat, ek glo nie hierdie bog nie. Dit is 'n versinsel. Waar het jy dit al ooit op 'n viool gehoor speel dat daar 'n monster kan wees met die kop en die gesig van 'n mens en die liggaam van 'n gorilla? Sulke dinge gebeur net nie, my vriend.''

,,Maar waar kom hierdie gerug vandaan?'' hou Thompson vol. ,,Sê dít vir my. Kyk na daardie afbeelding. Die mense moes tog gegewens gehad het om daardie afbeelding te maak. Hulle moes iewers daarvoor 'n aanduiding gekry het, nie waar nie?''

,,Ag, ou kêrel, as jy nou daardie afleiding maak, dan kan ek jou nou net sowel vra waar die gerug begin het oor die afskuwelike sneeuman van die Himalaja-gebergtes. En daardie was nie sommer inboorlingstories nie. Manne van gesag, betroubare mense, het bevestig dat hulle die ding gesien het. Hy lyk dan half soos 'n beer maar loop regop en het 'n lang kuif hare. En tog, wat my betref, bly dit net 'n legende. Geen man was nog in staat om 'n afskuwelike sneeuman te vang nie. En net so dikwels as wat daar gesê word dat die goed bestaan, net so dikwels word gesê dat dit die grootste bog in die wêreld is. En dit is nie ál nie. Vat die sogenaamde monster van Loch Ness. Jaar vir jaar word die sogenaamde monster gesien, maar dink jy dit is al ooit bevestig? Moenie glo nie, dit bly 'n legende. Maar wat, jy hoef jou nie te bekommer nie. Hierdie nuwe monster van ons sal ook maar net 'n legende blyk te wees.''

Charles Thompson vroetel met sy briewe-oopmaker. ,,Ek wens ek was so seker oor die dinge soos jy, Swart Luiperd,'' sê hy. ,,Maar ongelukkig is ek nie. Jy weet, ek het al allerhande gerugte gehoor in die afgelope tyd oor hierdie ding. Die moeilikheid is natuurlik dat die dinge plaasvind anderkant die grens, in Zaire, en dit is buite my gebied. Die nuus bereik my altyd egter eerste, want die ding is dan glo gesien duskant die Bambiberge en die Zaire se swart kommissaris is anderkant die berge sodat dit baie moeilik is om hom te bereik. 'n Betroubare inboorling het vir my kom sê dat hulle berig gekry het van die ding. Langs 'n rivier het dit 'n swart vrou gevang en haar weggevoer, so lui die storie. Die ding is deur 'n hele paar inboorlingvroue gesien wat besig was om klere langs die water te was. Hulle het glo in 'n toestand van histerie in die stat

teruggekom. 'n Soektog is op tou gesit, maar die inboorlinge kon die ding nie opspoor nie. Hy het soos 'n groot speld verdwyn met die vrou en al.''

Die Luiperdman proeslag. ,,Glo jy dit, Charles Thompson?''

,,Ek is nogal geneig om dit te glo,'' sê Thompson. ,,Ek het destyds nie veel gemaak van die storie nie, want ek het my verbeel dit is maar weer 'n kwessie van die inboorling se onbetroubare waarnemings. Partykeer sien hulle 'n ding deur 'n bos en dan verbeel hulle hulle dat dit 'n splinternuwe monster is terwyl dit maar miskien 'n gewone dier is wat vir hulle deur die takke eienaardig lyk. Maar hier het ons nou weer die berig. Die ding is weer gesien en skynbaar naby dieselfde plek. Hierdie keer het die nuus deurgesyfer selfs tot in Nairobi. Want hoe sou die koerant dit anders in die hande gekry het? Nee, Luiperdman, ek weet nie of ons hierdie ding sommer so kan afskud nie. In hierdie oerwoude het al vreemde dinge gebeur, uiters vreemde dinge. Ek is nie so seker dat ons dit sommer moet afskryf nie.''

,,Maar, my liewe man,'' sê die Luiperdman, ,,wil jy nou vir my werklik sê dat daar 'n monster is wat lyk soos 'n mens en wat tog 'n gorilla is? Waar op aarde kan 'n mens so 'n ding kry? Dit is tog seker nie moontlik om 'n mens met 'n gorilla te kruis nie.''

Charles Thompson kyk aandagtig na die Oerwoudman. Na 'n hele ruk sê hy: ,,Jy is weer 'n ander een. Jy behoort die eerste een te wees om hierdie ding te glo. Is dit dan nie jý wat die eienaardige kreature hier naby die noordwestelike hoek van Kenia gekry het nie? Daardie eienaardige bewoners van die Kraterberg? Dit was alles destyds in die koerante. Die verhaal van hierdie reuse-manne, harig net soos gorillas en byna net so sterk.''

,,Ja wel,'' sê die Luiperdman 'n bietjie uit die veld geslaan, ,,daardie goed het ek self gesien. Hulle lyk publiek soos gorillas maar hulle is tog mense. Ek het een op 'n sebra sien ry. Maar ek ken die uitleg vir daardie kreature. Hulle is geskep op 'n bepaalde manier. Hulle is mense wat vervorm is. 'n Groot geleerde wat daar vasgekeer was, het hulle 'n sekere stof ingespuit wat natuurlik die hormone-samestelling van hul liggame verander het en hulle het groter gegroei en langharig geword. So iets is heeltemal moontlik.





Vandag word eienaardige dinge gedoen in dié opsig. Weet jy dan nie dat as 'n vrou se hormone verstoor raak, sy die voorkoms van 'n man kry nie? Dit is natuurlik. Daar is 'n wetenskaplike uitleg vir hierdie skepsels. Maar hierdie ding wat in hierdie koerant beskryf word! Nee man, dit is bog. So iets glo ek nie. Dit is bokant my vuurmaakplek.''

Charles Thompson staan uit sy stoel op en stap oor na die muur waar hy 'n kaart ooprol. Hy neem sy sakpotlood, trek daarmee strepies op die kaart en uiteindelik trek hy 'n klein sirkel. Uit nuuskierigheid staan die Swart Luiperd op en gaan staan langs hom.

,,En daardie sirkel?'' vra hy.

,,Dit is in daardie gebied,'' sê Charles Thompson, ,,dat hierdie eienaardige ding gesien is. Die ding waaraan jy nie glo nie. Hoe meer ek daaraan dink, hoe meer kom ek tot die oortuiging dat ons hier nie met 'n legende te doen het nie, Oerwoudman. Ek weet nie hoe dit kan wees nie; moet dít nie vir my vra nie? Maar ek het 'n eienaardige gevoel dat hierdie die waarheid is. Dat ons hier met 'n monster te doen het. Onbeskryflik wreed en sterk. Met die krag van 'n gorilla en die verstand van 'n mens. Ek dink ek behoort Zaire se kommissaris in kennis te stel. Dit maak nie saak of dit 'n gerug is nie. Hy behoort daarvan te weet.''

,,Ek sou dit nie doen as ek jy was nie,'' sê die Swart Luiperdman. ,,Want as dit onsin is, kan dit jou net in 'n slegte lig stel. En wie weet, netnou kom hierdie kommissaris so onder die indruk van jou mededeling dat hy sy perd opsaal en gaan soek na die ding. En ek is tog so seker dat hy bedroë daarvan sal afkom, want hy sal niks kry nie.''

,,Maar hierdie inboorlinge het selfs die ding se spore gesien,'' hou Charles Thompson vol. ,,Die inboorlinge waarvan ek gepraat het, het aan my kom beduie hoe die spore lyk. Dit is die spoor van 'n mens, maar die voet is effens gekrom soos dié van die sjimpansee. Waar sou die mense aan al hierdie dinge kom, Swart Luiperd? Verskillende mense kan tog nie dieselfde ding uit hul duime suig nie.''

,,Ag man,'' sê die Oerwoudman, ,,jy weet hoe die inboorlinge

praat. Hulle het nou weer gehoor van die vreeslike monster wat langs die rivier gesien is en elkeen wat dit hoor, sorg dat hy nog 'n leliker monster uitdink. Dit is die posisie."

Hy draai half ongeduldig van die landkaart af weg en gaan terug na die lessenaar, kyk weer na daardie afbeelding, lees nog 'n maal die berig deur, en hoe hy homself probeer oortuig dat so iets moontlik kan wees, hoe meer kom hy tot die gevolgtrekking dat dit nie die geval is nie en dat hierdie sommer 'n inboorlingstorie is.

Hy gaap 'n slag. „Thompson," sê hy, „ek gaan nou rus. Ek voel moeg. Ek het vandag ver getrek. As jy iets meer hoor van jou monster, laat my gerus weet. Maar as dit nie 'n goeie monster is nie, moet jy my asseblief nie wakker maak nie."

Charles Thompson draai daar voor die landkaart om en kyk na die lang man met sy fantastiese reputasie hier in die oerwoude van die trope. „Daar is een ding wat ek wens," sê Charles Thompson, „en dit is dat jy in hierdie saak bedroë gaan uitkom en dat dit gaan blyk dat ek reg het. Ek sê weer vir jou, moenie hierdie ding sommer afskryf nie."

„Ek gaan nou slaap."

‚Nee, wag," sê Thompson, „ek het nog vir ons elkeen 'n slukkie lekker Skotse whisky."

„Maar ek drink nie," sê die Luiperdman.

„Ek gee nie om of jy nie drink nie," antwoord Thompson. „Vanaand gaan jy 'n glasie saam met my drink. Moenie vergeet nie, dit gebeur een maal in 'n skrikkeljaar dat ek 'n besoeker ontvang en dit nogal 'n blanke besoeker. Nee, jy gaan nie nou al slaap nie."

Thompson gaan na sy buffet en haal daar 'n bottel whisky en twee glase uit. Dit is net toe hy omdraai voor die buffet dat hulle die dreuning voor die rondawel hoor en dit laat Thompson frons. „En nou?" vra hy, „wat se besoekers is hierdie? Ek verwag nie nou besoekers nie. Daar is nie 'n vragmotor of motor in hierdie omgewing nie."

Hy stop die bottel whisky met twee glase vinnig weer in die buffet, druk dit toe en hy het nog skaars omgedraai, toe die korterige man met die rooierige gesig, effens geset van lyf en met





twee blink oë, die rondawel binnegestorm kom. Ja, hy storm dit binne op sy twee bakbene wat in duur kamaste beskerm is. Die man lyk vervaard. Sy sonhelm sit agter op sy kop. Hy kyk vraend rond en toe sien hy die Luiperdman teen die lessenaar leun.

„Julle moet my help," roep hy uit, en onmiddellik is dit vir die Swart Luiperd en Charles Thompson duidelik dat hierdie nuwe aankomeling 'n Amerikaner is. Een van hierdie ryk toeriste wat soms maande deur die oerwoud rondswerf. Hy kom hardloop tot by die lessenaar, timmer met sy vuis daarop en skreeu vir die Luiperdman en Thompson: „Moenie so op jul gemak wees nie. Ek sê julle ek het hulp dringend nodig."

Die klank van paniek is duidelik in sy stem, en toe hy die sweet van sy voorkop afvee, sien die Swart Luiperd hoedat sy hand bewe.

Hy word die rondawel binne gevolg deur 'n lang, rankerige man met rooierige hare, en toe hy groet, is dit duidelik dat hy ook 'n Amerikaner is.

Die kort, middeljarige Amerikaner kyk weerbarstig na die Swart Luiperd.

Die groot man se stem kom kalm deur die rondawel. „U moenie vir my aanspreek nie," sê hy, „ek is nie hier in bevel nie. Daar is die inboorlingkommissaris," en hy beduie na Charles Thompson.

Die Amerikaner loop sommer op Charles Thompson af. „Kyk hier," sê hy byna histeries, „ek het ver gekom en jy moet my help—onmiddellik. Dit is dringend. Daar is nie tyd om te vermors nie." Die man is eintlik uitasem soos die smeekbede uit hom stort. Charles Thompson slaan hom met sy blou oë gade.

„Meneer, as u vir my sê waarvan u praat en wie u is, kan ek u miskien help," sê Charles. „Dit help nie om my te probeer onderstebo loop nie, want ek weet nie waarvan u praat nie."

Die jonger man wat ook binnegekom het, raap skielik die koerante van die lessenaar af op en met 'n harde uitroep sê hy: „James, kyk net hier. Kyk hier op die voorblad."

Hy spring met die koerant na die middeljarige man toe en dié gryp dit uit sy hande. Hy word spierwit terwyl hy na die berig kyk

en na die afbeelding daarvan. Toe vee hy die sweet van sy gesig af en gee die koerant terug.

,,Wie is u, Meneer!'' vra Charles Thompson kalm.

Met sy kort vingertjie beduie die Amerikaner na die koerant wat nou deur die ander een vasgehou word. ,,Daardie koerantberig is waar,'' sê hy. ,,Glo jy dit? Glo jy dit, man? Dit is waar.''

Die Luiperdman kom onmiddellik orent daar waar hy gesit het. Hy tree belangstellend nader. ,,Hoe weet u dat daardie koerantberig waar is?'' vra hy.

,,Ek weet dit uit bitter ondervinding,'' sê die Amerikaner en sluk 'n slag. ,,Ek sê vir julle dit is waar. Dit is nie sommer 'n sensasiestorie nie.''

,,Wie is u?'' vra Charles Thompson weer.

,,Ek is James Lafolette, 'n burger van die Verenigde State van Amerika. Ek is 'n grootwildjagter en ek bevind my op die oomblik in Zaire. Hierdie is my vriend, Jasper O'Brien.''

,,Maar as u dan in Zaire jag,'' vra Charles Thompson, ,,waarom kom u dan na my? Hierdie is Kenia. Ek het daar niks te sê nie.''

,,My liewe man,'' sê James Lafolette ongeduldig, ,,moet jou tog nie soos 'n tipiese Engelse staatsamptenaar gedra nie. Dit is reg dat ek in Zaire is, maar as ek na Zaire se Kommissaris moes gaan, sal dit my dae geneem het. En daar is nie tyd nie, man. Daar is nie tyd nie.''

Dit lyk asof James Lafolette in trane kan uitbars. Hy vee aanhoudend oor sy voorkop en sy hande is selfs blink van die sweet. Daar is groot skrik en skok in sy oë. En dit is baie duidelik dat hy 'n baie ontstellende ondervinding moes deurgemaak het.

Die Swart Luiperd gaan na die buffet, skink vinnig 'n glas whisky in en kom gee dit vir James Lafolette. ,,Drink daardie, dan sal u miskien kalmer voel. En dan sal u ons miskien kan vertel presies wat gaande is.''

,,Waar het hierdie voorval plaasgevind?'' vra Charles Thompson.

,,In die omgewing van die Bambiberge.''

Die Luiperdman kyk vinnig na Charles Thompson en Charles





kyk vinnig na hom.

,,In die omgewing van die Bambiberge?'' vra die Luiperdman,

,,Dit is reg,'' antwoord Lafolette. ,,Net voor die berge het dit plaasgevind.''

Hy neem 'n vinnige sluk aan die whisky en toe, asof hy sy bene nie meer vertrou nie, draai hy om en gaan sit in Charles Thompson se draaistoel.

,,O, dit was verskriklik,'' sê hy. ,,Ontsettend. Aaklig.''

En toe stort James Lafolette skielik in. Sy skouers begin ruk. Hy laat sy kop sak. Die whisky stort oor sy kneukels uit en hy snik soos 'n kind.

,,Dit was ontsettend,'' sê hy net weer.

,,Wat het gebeur, man?'' vra die Swart Luiperd nou vir Jasper O'Brien. ,,Waarom sê die man nie vir ons wat gebeur het nie?''

,,Dit is nie vir hom maklik om dit te sê nie,'' sê Jasper en slaan met sy hand op die nuusberig op die voorblad van die koerant. ,,Jy sien, vriend,'' sê Jasper, ,,'n monster soos hierdie het James Lafolette se dogter ontvoer.''

,,Wat?'' skreeu die Luiperdman. ,,Wat praat jy nou?''

,,Ek praat wat ons gesien het,'' sê Jasper O'Brien. ,,Ek praat nie van hoorsê nie. Ons het daardie ding gesien.'' Toe lyk dit asof sy hele liggaam bewe en hy slinger die koerant van hom af weg asof die berig en die afbeelding daarby hom aan 'n aaklige droom herinner.